Stella straat

Psalm 119:33-40

"Ons antwoord op versoekings wat ons in die verkeerde rigting wil lei"

Tuis-Adoramus 6 September 2020

– geskryf deur Willem Nicol

Tema: "Ons antwoord op versoekings wat ons in die verkeerde rigting wil lei"

Teks: Psalm 119:33-40

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuisadoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,
Willem, Anton, Tienie en Fay

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

TEMA

Vandag gaan dit oor ons antwoord op versoekings wat ons in die verkeerde rigting wil lei.

ONS LUISTER – kom ons drink die woorde in.

https://www.youtube.com/results?search_query=leer+my+op+u+wag

Leer my op U wag, o Here, volgsaam wandel, U ter ere,
reken op u trou en mag; psalme sing, selfs in die nag,
in die nag, psalme sing selfs in die nag.
Leer ons bou op u genade, u bevele eer met dade,
vir die uitkoms willig blind, stil soos 'n getrooste kind,

soos 'n kind, stil soos 'n getrooste kind.
Leer ons om ons nie te kwel nie, of oor môre te ontstel nie,
by die kwaad wat ons ontmoet, stil vertrou: die Heer is goed,
Hy is goed; stil vertrou: die Heer is goed.
Leer ons volhou in gebede, hoopvol bly in moeilikhede,
vrolik wees met stil ontsag--leer ons, Heer, dit elke dag,
elke dag, leer ons, Heer, dit elke dag.

INLEIDING

In hierdie psalm, die langste een in die Psalmboek, kom ons 'n digter teen wat in nood verkeer. Daar is teenstanders wat die lewe vir hom moeilik maak. Hy verkeer in die versoeking dat hulle optrede sy gedrag bepaal, byvoorbeeld dat hy hulle in eie munt probeer terugbetaal. Maar sy hartsbegeerte is dat die HERE hom in 'n ander rigting moet lei. Daarvoor het hy die *voorskrifte* van die HERE. Dit was in sy tyd nie die hele Ou Testament soos ons dit vandag het nie, maar net 'n deel daarvan.

PSALM 119:33-40 (verkort)

HERE, onderrig my in die pad van u voorskrifte.
Gee my insig dat ek u wet met my hele hart kan onderhou.
Begelei my op dié pad, want daarin vind ek vreugde.
Laat my hart na u bepalings neig, en nie na winsbejag nie.
Weerhou my oë daarvan om na nuttelose dinge te staar.
Die venyn van mense, daarvoor is ek bang, moenie dat dit my tref nie.
Kyk, ek verlang na u opdragte.

STILTE

Hierdie digter druk sy verlange met soveel verskillende woorde uit. Wees gevoelig om aan te voel watter woorde nou met jou wil praat. Watter woorde druk sy emosie uit en watter woorde raak jóú emosie?

ONS LUISTER

https://www.youtube.com/results?search_query=lead+kindly+light+mormon

Lead, kindly light, amid the encircling gloom,
Lead thou me on;
The night is dark, and I am far from home;
Lead thou me on;
Keep thou my feet; I do not ask to see
The distant scene: one step enough for me.
I was not ever thus, nor prayed that thou
Shouldst lead me on.
I loved to choose and see my path; but now,
Lead thou me on!
I loved the garish (uitspattige) day, and, spite of fears,
Pride ruled my will. Remember not past years.
So long thy power hath blest me, sure it still
Will lead me on,
O'er moor and fen, o'er crag and torrent, till
The night is gone,
And with the morn those angel faces smile,
Which I have loved long since, and lost a while.

VRAE OM OOR NA TE DINK

- In die digter se lewe is daar vyandskap wat hom wil verlei om verkeerd op te tree. Wat is daar in my lewe wat my sou kon verlei, dalk iets heel anders? Is daar dinge wat my oë te veel sien, byvoorbeeld advertensies?
- Hoe het die HERE my al gehelp om op die regte pad te bly?
- Hoe wil Hy my nou help?
- Wat is my emosie in hierdie verband: Hoe voel ek oor die lewensriglyne wat God gee?

GEBED

Here, my Leidsman, ek erken vandag dat daar 'n wye verskeidenheid kragte is wat my trek en stoot om nader aan my eie wil te lewe as aan u wil.

Ek erken dat my lewe u wil nie toenemend sal weerspieël as U nie in my werk nie.

Ek pleit vandag by U: Stuur u Gees en u waarheid, laat dié my lei.

As ek tot hier kom, besef ek daar is nog 'n dankie in my hart: Ek hoef nie magteloos te sit en wag op u leiding nie, want U het u woord vir ons gegee. Dit is vol riglyne vir die praktiese lewe. Ek kan dit in die hand neem en lees, of ek kan luister hoe daaroor gepraat word.

Maar hiervoor moet my hart reg wees. Daarom nog een versoek: Gee my asseblief die "verlange" na u leiding waarvan die digter praat.

Eintlik gee U dit ook nou: Ek besef my diepste begeerte is dat my voete u voete moet wees, my hande u hande, my gedagtes en emosies onder u leiding.

Amen.

WOORDKUNS

As swimmers dare
to lie face to the sky
and water bears them,
as hawks rest upon air
and air sustains them,
so would I learn to attain
freefall, and float
into Creator Spirit's deep embrace,
knowing no effort earns
that all-surrounding grace.

SEËNBEDE

Neem my lewe, laat dit Heer,

U gewy wees meer en meer.

Amen.